basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 52 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie.**

AFDELING A: GEDIGTE

K – klankeffek
S – stylfiguur
B – beeldspraak
Omkring as "handeling" ter sprake is.

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL
"Op sy branderplank" – Petra Müller

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie, maar dis belangrik dat die kandidaat minstens een klankeffek, een beeldspraak en een stylfiguur aandui.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
KLANKEFFEKTE: Alliterasie, assonansie en woordgebruik		
Die branderplankryer word in versreël 1 op sy branderplank as iemand wat waagmoed aan die dag lê, uitgebeeld.	Die w-alliterasie in versreël 1 beeld die branderplankryer as waagmoedig en vreesloos uit en wys dat hy voorheen al die see uitgedaag het.	Versreël 1: *Hy waag hom weer teen die horisonne.*
Die s-alliterasie in versreël 2 veroorsaak dat dit lyk asof daar baie sonne op hom skyn, wat die branderplankryer se bewegings beklemtoon.	Die s-alliterasie in die woordspeling van "son" na "sonne" beklemtoon die sierlike bewegings van die branderplankryer in die warm son. Die s-alliterasie in "skuimskuddend" dui op die handeling van skoonmaak.	Versreël 2: *Die see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend* Versreël 2: *… skuimskuddend* Versreël 7 tot 9: *... seun het see in sy mond ... uit spoeg hy dit.*
Die eu-assonansie asook die v-alliterasie in versreël 3 dui op die bewegings wat die branderplankryer uitvoer.	Die eu-assonansie beklemtoon die voorwaartse beweging van die branderplankryer. Die v-alliterasie dui op die branderplankryer se wegbeweeg van die gevaar dat hy dalk deur die golf vasgekeer kan word.	Versreël 3: *deur die teug …* Versreël 3: *… vlug hy na vore,*
Die h-alliterasie in versreël 3 beklemtoon die inspanning van die branderplankryer.	Dit beklemtoon die poging/inspanning van die branderplankryer om regop te bly.	Versreël 3: deur die teug vlug hy na vore, hys hom
Die s(t)-alliterasie in versreël 5 beklemtoon die moeilike staan-aksie.	Dit beklemtoon die moeilike aksie om op die branderplank te staan.	Versreël 5: staan-staan strand toe, groen

Die s-alliterasie en die o-assonansie in versreël 13 dui enersyds op die skudhandeling wat die branderplankryer uitvoer en andersyds versterk dit sy uiterlike beskrywing.	Dit is 'n onwillekeurige skudhandeling wat die branderplankryer uitvoer; hy is nie bewus van die werklikheid nie. Die o-assonansie versterk die branderplankryer se metaforiese vergelyking met 'n rob – wat sy uiterlike uitlig.	Versreël 13: *skud hy nou sy kop* … Versreël 13: … *kop – 'n blonde rob –*
Die s-alliterasie in versreël 14 beklemtoon hoe die branderplankryer hom skoonmaak.	Die branderplankryer snuit die seereuk/seesout van hom af soos 'n rob.	Versreël 14 en 15: *en snuit hom skoon van wat hy was*;
Die g-alliterasie in versreël 16 beklemtoon die lyf van die branderplankryer.	Die bewegings wat hy uitvoer, beklemtoon die branderplankryer se sterk liggaamsbou.	Versreël 16*: 'n elegante, goed gesteelde lyf*
Die nuutskepping "labberlag" het in versreël 11 'n klanknabootsende funksie.	Die seun se lag verkry 'n souterige dimensie.	Versreël 11: *wat sag van land en kruie om hom labberlag.*
Beeldspraak		
In versreël 2 word die son gepersonifieer.	Die branderplankryer se sierlike, lewenslustige bewegings word deur die sonstrale belig.	Versreël 2: *Die see gooi son in teen sy sonne,*
In versreël 6 word die uitkom uit die see met 'n geboorte vergelyk.	Die branderplankryer se ervaring in die see laat hom voel asof hy nuut gebore is.	Versreël 6: *deursigtig en ook reeds gebore*
In versreël 11 word die lug gepersonifieer.	Die genot wat die branderplankryer ervaar word deur die labberlag uitgelig.	Versreël 11: wat sag van land en kruie om hom labberlag.
Metafories word die seun in versreël 13 aan 'n rob gelykgestel.	Die branderplankryer word as 'n rob uitgebeeld wat sy kop skud as hy uit die water kom.	Versreël 13: *skud hy nou sy kop – 'n blonde rob –*
Stylfigure		
In versreël 8 dien die inversie as beklemtoningsmiddel.	Die woord "uit" word in 'n beklemtoningsposisie geplaas om op die "uit spoeg"-handeling te fokus.	Versreël 8 en 9: *nie of dit bloed of water is nie: uit spoeg hy dit.*
Die sinestesie in versreël 10 veroorsaak dat die leser saam met die branderplankryer die lug proe.	Die branderplankryer span sy proe-sintuig in om die seelug te proe en op dié manier word die fokus op die feit dat al sy sintuie betrokke is, geplaas.	Versreël 10: *hy wortels van sy tande af, en proe die lug*

Die sinekdogee in versreël 16 sinspeel op hoe die lyf van die branderplankryer lyk wanneer hy seepglad op die water beweeg.	Hier word na die branderplankryer as geheel verwys wat die branderplank so beheer dat dit lyk asof hy op die water gly.	Versreël 16: *'n elegante, goed gesteelde lyf*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG
"Elegie vir my toekomstige vrou" – André Letoit

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	"elegie", "toekomstige" ✓ *Die kandidaat moet die TWEE kontrasterende woorde vir EEN punt aanbied.* **EN** "die dag … toe ek jou ontmoet het" (versreël 1 en 2) skakel met die verlede tyd. ✓ "ek sal nooit die dag vergeet" (versreël 1) verwys na 'n dag in die toekoms (wat nog nie plaasgevind het nie). ✓	1 1 1
2.2	Die tipografiese inkeping is geslaagd, want dit beklemtoon die verskillende plekke waar die spreker moontlik 'n geliefde kan raakloop. ✓	1
2.3	Die parentese ("– nee wag –") word gebruik om uit te hef dat die spreker nie seker is van sy feite nie./van opinie verander. ✓ **EN** Die spreker se woorde ("ek smaak jou") en ("oh baby") pas by die gedagte van 'n vrye siel./iemand wat deel voel van die "hippiekolonie"./persepsie van daardie tyd oor 'n motorfietsryer.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
2.4	"soos al die ander"/"soos altyd, saam geleef" ✓ **EN** "toptwintig" ✓	1 1
2.5	"Elegie" in die titel skep reeds die ironiese persepsie oor die huwelik./Die teenstrydighede ten opsigte van die huwelikseremonie (in versreëls 28 tot 32) het 'n spottende toon./Die siniese weergawe van die lewe na die seremonie (versreëls 38 tot 40 en versreëls 46 tot 48) versterk die spottende toon ten opsigte van die huwelik. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Ja Hierdie reëls bevat die slotsom van die spreker se sinisme jeens die huwelik, naamlik dat dit te 'n duur prys is om te betaal./dat die voorskrifte ten opsigte van die huwelik vriendskappe/romanse doodmaak. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1
		[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG
"Susan Boyle" – Kobus Grobler

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Susan Boyle se kans op sukses is skraal, want sy is net 'n nommer./een van duisende. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.2	Die beoordelaars is veroordelend./ongenaakbaar./onsimpatiek. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks van "pilatusse" vir EEN punt aan.* **EN** Versreël 3: vergelyking ✓ Versreël 6: metafoor/antonomasia (KABV: bl. 94) ✓	1 1 1
3.3	Die alliterasie van die s-klank is geslaagd, want dit beklemtoon die siniese houding van Simon./dat die beoordelaars én die skare spottend/veroordelend teenoor Susan se optrede was. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* *Die kandidaat kan NIE aanvoer dat dit NIE geslaagd is nie.*	1
3.4	Die dubbelpunt aan die einde van versreël 7 beklemtoon/plaas die fokus op versreël 8./Versreël 8 staan in die beklemtoningsposisie/aan die einde van die strofe. ✓	1
3.5	Gespanne/angstig/spottend/sinies/veroordelend ✓ **EN** "ongeloof" ✓	1 1
3.6	"troeteltalent"/"YouTube" ✓ **EN** 'n Mens sou verwag dat Susan Boyle vanuit die vernederende behandeling wat sy ontvang het, haar talent vir haarself sou hou, MAAR sy seën mense met haar mooi stem. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
		[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG
"Vroue van Vermeer" – TT Cloete

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	"meestal" ✓	1
4.2	Sy is mooi./ Sy is jonk./ Sy is (meestal) alleen./ Sy is (meestal) binnenshuis./ Sy is (meestal) voor 'n kleiner/groter oop venster. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
4.3	Letterlik: Haar man/geliefde/familielid/iemand se brief uit die verte. ✓ **EN** Figuurlik: Die buitewêreld/vryheid wat sy nooit ervaar nie. ✓	1 1
4.4	Versreël 14 dui op lig (wat in vlokkies of korrels brand) terwyl versreël 15 verwys na 'n dowwe lig./lig wat vervaag./Versreël 14 dui lig wat "brand" aan teenoor lig wat "kaats" in versreël 15.✓ *Die kandidaat moet na BEIDE kante van die kontras vir EEN punt verwys*.	1
4.5	Akuut op die woord "áfstraal"/"ín"/ herhaling van "in"/ Die gedagte dat dié lig "uit die oop grote universum" kom./ die woord "onmeetlike"/"altyd" ✓ **EN** Vroue smag na die buitewêreld./lig./vorm deel van die groter skepping./het universele waarde./ Daar is hoop/bevryding vir vroue in hul vasgevangendheid. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
4.6	Dit is geslaagd, want dit dui daarop dat daar nog hoop is./dat haar menswees nog kan gedy./dat sy vryheid kan ervaar binne die universele konteks van menswees. ✓ *Die kandidaat kan NIE aandui dat dit NIE geslaagd is nie.* *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
		[10]

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG
"Hierdie jaar" – Linda van Wyk

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Herhaling ✓ **EN** Nee Die "meer" impliseer dat die spreker wel (in die verlede) gelees het, maar nou net nog méér wil lees. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	1 1
5.2	Versreëls 10 tot 14 handel oor "stadiger"/"minder" terwyl die res van die gedig op "meer" fokus. ✓	1
5.3	lees/ skryf/ praat/ luister ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
5.4	Alleenplasing ✓	1
5.5	"goedheid" /"glo" ✓	1
5.6	Nadenkend/aanvaardend/vredevol/positief/rustig ✓ **EN** Die koeplet is geslaagd, want die koeplet beklemtoon die "ek" en die "mense" se verhouding./skakel met die gedagte van twee groepe: die "ek" teenoor "mense". ✓ *Die kandidaat kan NIE aandui dat die koeplet nie geslaagd is NIE.*	1 1
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

J – John
W – wantroue
K – keuses

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys**.

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
JOHN SE DOOD VEROORSAAK 'N SINISME/GEBREK AAN SELFVERTROUE BY GREG		
Die feit dat John hom nie vertrou het met sy eie worsteling nie, dompel Greg in 'n krisis ten opsigte van hoe hy na mense kyk.	Greg het sy ouer broer John van kleins af bewonder. Hy was sy beste vriend en hulle het dieselfde belangstellings gedeel.	Bl. 65: *"Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy. Ek sou enigiets vir hom doen."*
	Greg verloor egter hierdie unieke vriendskap wanneer John selfdood pleeg.	Bl. 65: *En toe gaan doen hy so 'n stupid, stupid ding. Gordyne diggetrek. Pille op die bedkassie ... Ambulansdeure wat stadig oopgemaak word by die hospitaal. Nooddienspersoneel met geboë skouers. Verby.*
	Greg se lewe word drasties deur John se selfdood beïnvloed. Sy pa verbied hom om oor John te huil en sy pa verwag nou van hom om John se skoene vol te staan. Dit veroorsaak 'n siniese houding ten opsigte van sy pa. Uiteindelik vergewe Greg hom (wanneer sy pa se betrokkenheid by PNR op die lappe kom). Ter wille van die behoud van hulle gesin is hy bereid om sy pa nog 'n kans te gee.	Bl. 65: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa my beveel ..."* Bl. 174: *"Maar dis nie omdat ék wil nie, dis omdat my pa wil. Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!'* Bl. 206 en 207: *Ek weet nie hoekom nie, maar selfs al voel ek en my pa soos vreemdelinge vir mekaar, is daar iets in my wat nog smeek vir my pa se aanvaarding ... Die besluit is 'n tawwe een, maar dit is een waarby ek gaan hou. Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak. Vir John. Vir my ma. En, ja, ook vir my pa ...*
	Greg wonder of hy dan nie belangrik vir John was nie. John was vir hom sy held, maar Greg voel seergemaak omdat John niks van hom gevra het nie.	Bl. 66: *Maar John het my niks gevra nie. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd. Iets was steeds missing.*

John se dood veroorsaak dat Greg nie mense maklik as sy vriende vertrou nie en slegs twee goeie vriende het.	Greg se vriendskap met Plank en TJ kom vanaf die dae toe hulle saam Trappers was. Plank en TJ is uiteenlopende twee karakters. Hulle beskou hulself as Greg se vriende en is die enigstes wat nog moeite doen om na Greg uit te reik as die ander hom wegskuif.	Bl. 50: *... Mark Gibbons, a.k.a. Plank. 'n Tawwe ou, voorryspeler in rugby en, anders as wat mens sou verwag, slim ook. Maar omtrent altyd op 'n plug. Vandaar sy konstante glimlag.* Bl. 74: *TJ is 'n groot skaakspeler. Rêrig passievol ...* Bl. 123: *" ... ek kan nie heeltyd met almal chat nie." "Maar ons is tog jou pelle,"* Bl. 165: *Ek haat dit om vir Plank en TJ te lieg. Hulle doen ten minste nog moeite om 'n geselsie aan te knoop ...*
	Greg kan eerlik met Plank oor sy gevoelens oor die skool praat.	Bl. 50: *"Wens dit was al verby, Plank," sê ek en probeer my greep verstewig ...*
	Plank is een van die min leerders wat vir Greg sal kritiseer en versterk Greg se sinisme ten opsigte van sy pa.	Bl. 58: *"Komaan Greg, die skool se hoofseun moet seker 'n voorbeeld stel vir ons ander ouens ..."* *" O, julle spul uitverkorenes ... Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie? Wie se pa kan die skool se budget die grootste hupstoot gee? En daai badge wat hulle op jou bors vassteek, is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra!"*
	TJ kom lojaal voor, maar sy woorde aan Greg oor die feit dat almal pionne is in die skaakspel van die lewe, is ironies genoeg 'n vooruitwysing na die feit dat hy uiteindelik vir Greg verraai.	Bl. 74: "*Jy moenie vergeet nie, Greg," sê hy, "ons ouens is pionne, jy lyk nes die pion langs jou. Heeltemal vervangbaar. En iewers in hierdie skaak-game kan iemand besluit hy gaan jou offer."*
	TJ se verraad versterk aanvanklik Greg se sinisme, maar lei uiteindelik daartoe dat hy eerlik oor sy eie wroeging is.	Bl. 124: *'n Ruk lank is daar stilte. "Jy weet waar ons is as jy wil praat," sê TJ later as 'n nagedagte.* Bl. 176: *Ná 'n ruk gaan die kantoordeur oop. Ek kyk op. TJ is die eerste een wat uitstap. TJ! Uit die manier wat hy vir my kyk, weet ek: die klein vark het gaan squeal ...*

Kwanele Twala is aan die ontvangkant van Greg se sinisme.	Aanvanklik lyk dit vir Greg asof Kwanele jaloers op hom is en sy gesag openlik uitdaag, maar uiteindelik besef Greg dat Kwanele 'n lojale vriend is wat hy kan vertrou.	Bl. 50: "*Wie het dit gereël?"* *"I did," kap hy terug. "Vir wat? Ek is die hoofseun, het jy vergeet?"* Bl. 184: *"I don't know what is true and what is not. And I know we haven't been getting along. But if you need any help – anything – you've got my support. That's what we promised each other when we were Trappers. I keep my promises. Always. Okay?"* *Ek knik. "Thank you. Kwanele. I appreciate it. Really." Ek voel soos 'n weggooihond toe hy loop.*
Greg se sinisme speel ook 'n rol in sy verhouding met Nicole.	Greg en Nicole se verhouding is aanvanklik fisies, maar oppervlakkig. Hy hou hulle telefoongesprekke eenvoudig en wil nie emosioneel te betrokke raak nie.	Bl. 44: *Hoe sal ek weet dat sy getrou is aan my? Sy is daar in Johannesburg en ek sit hier in 'n godverlate skool in die Drakensberge. Na Jeffreysbaai se dinge ... hoe weet ek wat sy in Jozi aanvang? Wat vertel sy my nie?* Bl. 45: *"Love you, Greg. Altyd," sê Nicole ná 'n ruk. Sag. Afgetrokke. "Selfde," sê ek. 'n Woord sonder veel betekenis, maar een waarmee jy stiltes kan volmaak. Iets om te sê as daar niks meer is om terug te sê nie. Polyfilla.*
	Eers as Greg Eckardt se ware kleure sien, kies hy om Nicole ten volle te vertrou.	Bl. 205: *Daardie aand, alleen in my kamer, bel ek vir Nicole. "Nicksie, ek is lief vir jou," sê ek. En toe vertel ek ook die res.*

Omdat Eckardt vir Greg aan John herinner, sluit hy 'n vriendskap met Eckardt.	Greg is aanvanklik sinies oor die nuwe seun.	Bl. 53: *... toe ek 'n vreemde gesig tussen die ander ouens raaksien. Donkerkop, ongeskeer. Strak gesig. Sy oë kyk 'n oomblik lank na my van onder sy donker wenkbroue, flits dan weer weg. ... En ek kan dit sommer ruik: 'n nuweling ... Hy moet net nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie. Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort ...*
	Alles verander as Eckardt se oë hom aan sy oorlede broer, John, herinner. Greg kies om Eckardt as vriend te aanvaar.	Bl. 62: *Eckardt probeer 'n laaste keer loskom. Hy struikel. In die val, skuif die blinddoek van sy gesig af. Een van die ouens se flitslig val oor Eckardt se oë ... En skielik voel ek asof al die bloed uit my lyf verdamp en my koud laat. Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n. Net soos John ...*
KEUSES		
Greg se keuse om Eckardt as vriend te aanvaar lei tot velerlei verkeerde keuses.	Greg kies om by Eckardt se hacking betrokke te raak.	Bl. 81: *"Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroorleun in sy stoel.* Bl. 71: *"Sê my, Greg," vra hy toe ek een van die biere na hom toe uithou, "het jy al 'n computer try hack?"*
	Greg kies om Eckardt te vertrou met sy emosies oor sy gesin.	Bl. 70: *"So, het jy ook een van daardie pa's?"* *"Jy ook?"* *" ... Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's ..."* Bl. 173 en 174: *"Jy laat my dink aan my broer, weet jy?" Die woorde kom uit sonder dat ek dink. Eckardt frons. "Ek het nie geweet jy het 'n broer nie?"* *"Gehad ..."*
	Greg kies om Eckardt te vertrou met hoe hy oor Nicole voel.	Bl. 119: *En hy, let's face it, is 'n outsider en al kan ek nie juis sê ek verstaan hom nie, hou ek nogal van hom. As 'n pel. Hy is iemand met wie jy kan praat as dinge by die skool pla ... Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa ... En my ma wat huilend gebel het ...*

	Greg kies Eckardt/hacking bo sy vorige vriende en verwaarloos hulle.	Bl. 104: *Plank en TJ kom maak 'n draai, gesels oor iets wat op die bus gebeur het. Ek luister skaars. Maak later 'n stupid verskoning oor 'n hoofpyn sodat hulle my alleen kan los. Kamerdeur toe. Ek teken aan op die web.*
	Greg kies Eckardt se kant bo die tradisies van die skool en raak vervreemd van die ander matrieks.	Bl. 76: *"Ja, right. Ek glo dit nie. Dok, met alle respek, ek dink julle steek iets vir ons weg. Ek dink hier is groot fout. En dit is die kollege se plig om iets daaromtrent te doen. Nou! En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*
	Greg kies hacking bo sy akademie/pa se verwagting tot so 'n mate dat hy dink die verwagting van nege onderskeidings nie meer moontlik is nie.	Bl. 165: *"Onderskeidings, reg?" "Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref.*
	Greg se sinisme kom egter weer na vore as hy jaloers is oor die aandag wat Nicole aan Eckardt gee.	Bl. 148: *... maar hoekom pla iets my? Miskien is dit omdat Nicole se oë op daardie oomblik meer oor Eckardt se bruingebrande lyf val as oor myne ...* Bl. 149: *"Was jy by Nicole?" Ek staan nou reg voor hom. Selfs in die donker kan ek die wit van sy oë uitmaak ...*
	Eckardt help vir Greg oënskynlik om sy siniese uitkyk oor ander leerders te verander.	Bl. 193: *"Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou," sê Eckardt, rustig soos altyd.*
	Uiteindelik kom die waarheid oor Eckardt se sogenaamde "vriend-skap" met Greg uit as Eckardt sy ware kleure in Clarens wys. Greg besef dat hy hom nooit moes vertrou het nie.	Bl. 214 en 215: *"... Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking. En jy het daarvoor geval, leer hack. En ja, jy het my selfs begin sien as een van jou pelle. Een vir wie jy genoeg sou omgee om uiteindelik inligting van die polisie te weerhou ..."*

As gevolg van Greg se verhouding met sy pa is hy sinies oor die skoolhoof en alle gesagsfigure en kies hy om teen gesag te rebelleer.	Op die eerste dag van skool is hy baie verveeld omdat hy voel hy moet dieselfde toespraak jaarliks aanhoor.	Bl. 59: *Ek hoor net hier en daar 'n woord, want dis dieselfde speech wat hy elke jaar hou:*
	Greg verloor sy respek vir die skoolhoof wanneer hy nie wil optree wanneer Eckardt verdwyn nie. Hy opponeer die skoolhoof openlik en verloor alle vertroue in die geloofwaardigheid van hierdie gesagsfiguur.	Bl. 75 en 76: *"Ek kan nie glo dat julle dit nog wil ontken nie, Dok. ... Dok, met alle respek, ek dink julle steek iets vir ons weg. Ek dink hier is groot fout ..."*
	Sy sinisme jeens Dok Pienaar veroorsaak dat Greg kies om teen alle bevele in self vir Eckardt op te spoor en dit lei tot misdadige optredes.	Bl. 126: *Ek onthou Eckardt se skets van die skool se rekenaarnetwerk. Hoe ek aan die regte kant van die firewall kan inkom as ek my laptop by een van die switches inplug. En van daar af sal ek in die skool se rekords kan krap* Bl. 140: *As ek by Dok se rekenaar wil uitkom moet ek 'n RAT daarop install.*
	Sy wantroue word bevestig wanneer Dok Pienaar ontbloot word as die Butcher, die baasbrein agter projek PNR en blyk in dié geval, geregverdig te wees tot hy besef hy het sy eie pa verraai.	Bl. 215: *" ... Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die wolwe gegooi ..."*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Ongemotiveerdheid/luiheid/belangeloosheid/blasé ✓ *Die kandidate bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Sy pa se siening ~~(~~ dat Greg ruggraatloos is/geen planne vir die nuwe jaar het nie ~~)~~ , word deur sy behoefte om nog te lê (terwyl hy moet leiding neem,) geregverdig. ✓ *Die kandidate bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
7.2	Hoofseunskap: Die opmerking is funksioneel, want dit versterk die feit dat Greg nie lojaal teenoor sy amp is nie./die opmerking sluit aan by/bevestig sy arrogante houding oor sy hoofseunskap. ✓ **EN** Ander matrieks se houding: Die opmerking is funksioneel, want dit versterk die gedagte dat hy deur die ander leerders verkies is teen die agtergrond van hoe hulle hom aanvanklik volg by die Trapper-ritueel./die opmerking versterk die bevraagtekening van Greg se posisie as hoofseun as die ander graad 12's hom nie volg in sy opstand teen Dok Pienaar nie. ✓ *Die kandidaat bied by BEIDE 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan NIE aandui dat dit nie funksioneel is NIE.*	1 1
7.3	'n Mens sou verwag dat Greg wat hoofseun is, die reëls van die skool in stand moet hou, MAAR dit is Plank, wat self dagga rook,/die skool se reëls ignoreer, wat vir Greg aan sy plig moet herinner. ✓ *Die kandidaat bied BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aan.*	1
7.4.1	Lux hominum vita/Lig is die lewe vir die mensdom ✓ **EN** Daar word verwag dat die skool die leerders tot voordeel van die mensdom sal opvoed.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Plank lê die korrupsie ten opsigte van 'n leiersposisie bloot,/beklemtoon dat geld die dryfkrag van die skool is, **(**in kontras met die leuse van die skool**)**. ✓	1 1 1

7.4.2	Plank se woorde wys vooruit na Dok Pienaar/Greg se pa se korrupsie./aandeel in PNR. ✓ **EN** Hy sou later met Plank moes saamstem dat hy hoofseun is omdat sy pa en Dok Pienaar sakevennote is. ✓	1 1
7.5	Hy wil nie hê dat hulle hom pla terwyl hy in die onderwêreld na Eckardt soek nie./besig met hacking is nie. ✓	1
7.6	**Greg** was vies omdat Kwanele aan die begin van die jaar die eerste VRL-vergadering gereël het terwyl dit Greg se werk as hoofseun is om te doen. ✓ **Kwanele** was vies omdat Greg van die begin af sy take as hoofseun afskeep en nie ernstig opneem nie, (daarom het hy maar begin om leiding te neem). ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* **EN** Kwanele, want Greg het toenemend sy pligte afgeskeep./hom selfs gevra om vir hom in te staan. ✓	1 1 1
7.7	Die nuwe matriekseun se houding teenoor Greg was arrogant./uitdagend./ Hy het doelbewus vir Greg 'n verwarrende antwoord oor "Zero's and One's" gegee om hom uit te daag.✓ **EN** Hy het by die Trappers se ritueel met John se oë na Greg gekyk./vir Greg aan John herinner.✓ Hy het aangebied om saam met Greg na die verlore Trappers te soek. ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1 1
7.8	Mnr. Pete Andersen/die onderhoof ✓	1
7.9	Ek-verteller/eerstepersoonsverteller ✓ **EN** Die leser kan Greg se innerlike konflik rakende Dok Pienaar se teenwoordigheid effektief/geloofwaardig beleef. ✓	1 1
7.10	Greg was vreesbevange dat hulle betrap/uitgevang sal word toe Eckardt die eerste keer gewys het hoe om by die rekenaarkamer in te kom en nou was hy selfversekerd dat hy dit self kan doen.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

7.11	Plank het vir Greg wakker gemaak omdat hy wou seker maak Greg kom nie in die moeilikheid nie./doen sy plig. ✓ Eckardt het dit gedoen om 'n valse vriendskap te begin./'n ritueel te skep waarmee hy later vir Greg kan manipuleer. ✓ **EN** Deur nie vir Greg wakker te maak nie, het Eckardt Greg se emosies gemanipuleer (sodat hy bekommerd genoeg was om na hom in die onderwêreld te soek). ✓ Deur nie vir Greg wakker te maak nie, kan Eckardt seker maak dat Greg alles wat hy hom geleer het, begin toepas. ✓ *Die kandidate bied TWEE feite vir EEN punt elk aan.*	1 1 1 1
		[25]

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

ierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

A – alleenpad
V – verlede
K – ander keuses

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys**

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
BAAS SE AANVANKLIKE GESINDHEID		
'n Verbitterde, verharde Baas verlaat Rhodesië nadat sy ouers wreed vermoor is. Hy onttrek homself van sy familie.	Daar is onderliggende bitterheid te bespeur, want Baas se ouers is deur rebelle tydens die Rhodesiese bosoorlog vermoor. Na sy ouers se dood gaan hy terug na sy plek van herkoms, Louis Trichardt. Sy familie bied aan hom die warmte van gemeensaamheid, maar hy besef dat dit hom nie bevredig nie.	Bl. 63: *"... Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"* *Bl. 14: Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei, dat Houtboschberg se drome nie meer drome wil wees nie ..."* *Bl. 15: Hy ry na die kerkhof waar sy pa en ma begrawe is en bring die laaste aand in die Houtboschberg daar deur.*
Baas is aanvanklik onwillig om met die plaaslike bevolking in Barotseland vriendelik te wees./bemoeienis te maak.	Baas wil nie betrokke raak by die gemeenskap nie. Hy beskou homself nie as 'n helper in die plaaslike gemeenskap nie./wil net alleen wees. Baas is koud en hardvogtig teenoor die sendelinge – hy is onvriendelik teenoor hulle. Baas wil nie betrek word by die plaaslike bevolking se probleme en skete nie.	Bl. 43: *"… Ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."* Bl. 92: *" om gaaf te wees, kry nie 'n boot op die water nie …"* Bl. 93: *"Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vroue en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie."*

	Baas wys oom Scholtzie se aanbod om vir hom te bid van die hand.	Bl. 108: *"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef." "Vir mý?" "Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het." "Ag nee wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte."*
BAAS SE BETROKKENHEID BY SY NAASTE		
Stelselmatig begin Baas tog besorgdheid teenoor sy naaste toon en sy familiekwaal, die wil om ander te help, kom na vore deurdat die mense van Barotseland kies om by hom hulp te soek.	Baas is aanvanklik teësinnig, maar help tog Manuel se siek dogtertjie deur sy laaste malariamedisyne vir haar te gee.	Bl. 29: *"Baas haal die dosis chlorokien uit sy rugsak. Hy lig die hygende kind se kop, druk vier pille in haar mond en sorg dat sy dit afsluk ..."*
	Baas gaan die volgende dag terug en gee weer vir haar pille.	Bl. 29 en 30: *Hy staan op en loop terug na die hut waar die kind lê. Die pille het haar naar gemaak, maar sy is beter. Hy laat haar die volgende vier pille drink ...*
	Baas koop suiker en mieliemeel vir Manuel en sy gesin wanneer hy sy eie voorraad aanvul. Hy kry ook nog 'n groot voorraad malariapille.	Bl. 35 en 36: *By Ngweze, op pad na Manaka, neem Baas 'n goeie voorraad kos vir hom en die honde in. Vir Manuel en sy gesin koop hy pakke mieliemeel en suiker. By die hospitaal kry hy 'n groot voorraad chlorokien ...*
	As ouma Essie Baas se hulp kom vra nadat Grace malaria gekry het, en niemand haar wou help nie, wil hy haar aanvanklik ook nie help nie, maar loop tog later om sy laaste pille te gee.	Bl. 42: *"Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het ... "* Bl. 43*: Hy het te voet Mubuyu toe geloop, waar hy ouma Essie gehelp het om Grace chlorokien in te gee …*
	Baas kry daarna self malaria en beland in die hospitaal omdat hy nie meer pille vir homself het nie, en dit veroorsaak dat hy noodgedwonge van Grace en ouma Essie afhanklik is.	Bl. 43: *"Help my dan. Doen iets!" Sy keel is dik en sy asem raak min. "Ek was by die kliniek in Sioma. Hulle het ook nie tablette nie."*

	Ten spyte daarvan dat hy steeds alleen gelaat wil word, voel hy erkentlik teenoor Grace wat kies om by hom te bly. Hy sê vir Grace dat sy vir haar 'n ekstra stel klere moet koop. Baas se hulp bring lojaliteit as Grace aankondig dat sy 'n verantwoordelikheid teenoor Baas het omdat hy haar lewe gered het.	Bl. 49: *"Hoekom koop jy nie vir jou 'n ekstra stel klere nie?" sê hy hard. En sagter, toe sy nie antwoord nie: "Daar moet nog geld in die beursie wees?" Hy lê terug, sy oë toe.* Bl. 94: *" ... Watter belang het jy by my? Wat wil jy van my hê?"* *"Ek wil jou help. Jy het my lewe gered."*
	Baas gee die laaste vlakvarkboud vir ouma Essie om huis toe te neem. Baas is langs ouma Essie se sterfbed en hy bid vir haar. Baas help vir meneer Johnnie om sy skuld aan sy skoonfamilie te betaal sodat hy sy vrou en kind kan terugkry.	Bl. 184: *Baas gee vir haar en ouma Essie die laaste vlakvarkboud en Nanna vat hulle huis toe.* Bl. 234: *Baas vat ouma Essie se kop in al twee sy hande. Haar neksenings ruk teen sy bors en haar lyf is koud teen syne. Hy bly so op sy knieë by haar staan tot sy weer stil word ...* *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.* Bl. 205: *Een van die wildsbokke wat hy skiet, laai Baas by meneer Johnnie se skoonfamilie af.* Bl. 239: *By Manaka beduie hy vir meneer Johnnie in watter sloot die bul lê. Hy stuur hom om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en sy kind.*
Baas help vir ouma Essie op verskeie geleenthede en raak betrokke by haar doen en late.	Baas help vir ouma Essie wanneer sy malariapille vir die siek Grace kom bedel. Hy gee sy laaste pille vir haar. Ouma Essie vra Baas om te kom help met die opslaan van die tent in die kerk.	Bl. 43*: Hy het te voet Mubuyu toe geloop, waar hy ouma Essie gehelp het om Grace chlorokien in te gee …* Bl. 183: *"Die vrou kry die tent nie alleen opgeslaan nie."*

Ten opsigte van die nie-Lozi mense, kies Baas om sy gemak ter wille van sy naaste op te offer.	Baas staan sy slaapplek af vir Nanna en Griesel wanneer oom Scholtzie hom vra vir 'n ekstra nag se slaapplek vir die sendelinge. Baas sê dat hy in die kombuis by sy honde sal slaap. Ouma Essie vra Baas om te kom help om die tent in die kerk op te slaan. Whitey plaas die familiekwaal vir Baas binne konteks nadat hy Baas met die regmaak van die Land Rover gehelp het.	Bl. 147: *"… As hulle net vir hierdie een naggie nog geholpe kan raak."* *"Longwane en Briekwa het seergekry, oom Scholtzie. Ek sal vannag in die kombuis by my honde slaap."* Bl. 183: *"Die vrou kry die tent nie alleen opgeslaan nie."* Bl. 178*: "Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal ..."*
Baas besef uiteindelik dat hy nie die enigste een is wat al swaargekry het nie.	Whitey vertel hom hoe Grace se ouers in 'n landmynontploffing dood is.	Bl. 226: "*Die troepe wat die landmyn gestel het, is deur die Zambiese soldate agtervolg, ... Nee, Suid-Afrikaners."*
As Baas se boot verdwyn, aanvaar hy dat hy nie langer 'n alleenpad kan stap nie.	Hy kies om Whitey en Grace se hulp en ondersteuning te aanvaar.	Bl. 245: *"Soos ek sê, ek het 'n droom gehad," sê Whitey. "Ek het gedroom jou boot dryf in ons oupagrootjie se kanaal langs die waterval verby."* Bl. 245 en 246: *In Grace se mukolo gaan hulle al in die stil water langs die rivier om na die sandbanke toe waar die stroom rustiger is ... Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om na die boot wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het te gaan soek.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Hoofindoena Daaimon/Kebbey/die tolk ✓ **EN** Ouma Essie is deur Afrikaanssprekende mense/wit mense grootgemaak. ✓ Ouma Essie het by 'n Afrikaanse skool onderrig ontvang. ✓ Ouma Essie is by die Bybelkollege in Witsieshoek in Afrikaans opgelei. ✓ *Die kandidate bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1 1 1
9.2	Dit is nie regverdig dat die khuta namens haar besluite neem nie omdat sy 'n mens in eie reg is./selfstandig haar eie geld verdien het. **OF** Binne die konteks van die Lozi-kultuur is dit geregverdig aangesien die Lozi-kultuur die patriargale sisteem volg./die man as die hoof van die vrou beskou. ✓ **EN** Volgens die Lozi-kultuur mag vrouens nie voor hul mans in die pad loop nie./ Volgens die Lozi-kultuur moet 'n vrou haar loon aan haar man/die khuta gee./ Volgens die Lozi-kultuur is mans vroue se meerdere./ Volgens die Lozi-kultuur mag vrouens nie in mans se geselskap sit nie./ Volgens die Lozi-kultuur mag vrouens (soos kinders) gestuur word om boodskappe af te lewer. ✓✓ D*ie kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	 1 2
9.3	'n Mens sou verwag dat Grace, wat self 'n verpleegster is, vir haar eie medikasie voorsiening sou maak, MAAR dit is Baas wat vir háár malariapille gee as sý siek word. ✓ **EN** Grace versorg vir Baas as hy malaria kry. ✓	 1 1
9.4	Baas ✓ **EN** Hulle verhuur 'n deel van Manaka (waarvoor hy reeds betaal het) ook aan die sendelinge. ✓ **EN** Die khuta soek ook 'n aandeel/geld van Baas se vleisverkope./toegang tot sy boot as vervoermiddel./die beskikbaarheid van sy Land Rover wanneer hulle dit nodig het.✓	1 1 1

9.5	Ouma Essie ✓	1
9.6.1	Hierdie man was Baas se oupagrootjie. ✓	1
9.6.2	**Grace:** "As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het jy gaan nie van hierdie siekte gesond word nie en daar is net één ding wat jy nog kon kies om klaar te maak … sou jy die boot gekies het? " ✓ **Ouma Essie:** "Wie weet of jy nie met 'n doel na Manaka gestuur is nie? " ✓	1 1
9.7	Die Bybel staan sentraal in die uitbeelding van ouma Essie se karakterontwikkeling van diep gelowige tot opstandige en weer gelowige in haar vertelling van hoe sy die Bybel (na muluti Joseph se dood) in die rivier gegooi en weer uitgehaal het. ✓	1
9.8	Baas: Griesel het by Baas se slaaphut ingebreek terwyl hy siek was./op sy grond kom bly sonder om hom te vra./sy persoonlike ruimte binnegedring sonder om te vra. ✓ **EN** Griesel: Hy voel verontreg oor die khuta/hulle omstandighede en blameer Baas daarvoor. ✓ **EN** Hulle swak verhouding bereik 'n keerpunt wanneer Griesel vir Baas vertel van sy eintlike droom om 'n bakker te wees./'n bakkery te besit./dat hy nie eintlik 'n sendeling wou wees nie. ✓	1 1 1
9.9	Ja Daar was oorblyfsels van kerkbankies. ✓ **EN** Ouma Essie vertolk die rol van Profeet van die Bybel./geloofsleier./vredemaker./ bemiddelaar. ✓	1 1
9.10	(Alomteenwoordige) Derdepersoonsverteller ✓ **EN** Die verteller is funksioneel omdat hy nie net ouma Essie/Baas se ervarings/ emosies/reaksies geloofwaardig kan oordra nie, maar ook dié van die ander karakters.✓	1 1
9.11	Ja Die Lozi-gebruik dat die man lobola vir sy vrou moet betaal/die skoonouers sy kind kom vat omdat hy nie die lobola voor sy vrou se dood klaar betaal het nie, maak hom beslis 'n slagoffer van die Lozi-gebruike. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
		[25]

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

S – samelewing
A – armoede/minderwaardigheid
V – Vatmaar se ontstaan

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Vatmaar is 'n weerspieëling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis toe daar teen anderskleuriges gediskrimineer is op grond van velkleur om jou minderwaardig te laat voel.	Daar word niks van hulle gedink as hulle vee net afgevat word nie. Hulle word eerder as vermetel beskou wanneer hulle kla.	Bl. 15: *Julle kaffirs kan bly wees dat ons julle nie eers geskiet het nie.*
	Die inwoners van Vatmaar is amper soos diere behandel.	Bl. 91: *Al was hy vaal van oudgeit, was die sambokmerke nog altyd op sy rug te sien. Sy duimnael is met 'n rooiwarm vuuryster gebrand sodat sy baas hom kon uitken.*
	Oom Chai het gehoor wat Mineer de Bruin vir Karel gesê het dat 'n wit man eerder sy wit vyand sal liefhê as 'n swart vriend wat hy sal haat.	Bl. 107: *'n Witman sal sy wit vyand liefhê maar sy swart vriend haat. Dankie, Here, dat George Lewis meer swart as wit was.*
	Destyds in die tronke was daar drie spyskaarte vir die verskillende rasse en hulle is verskillend behandel, byvoorbeeld, swart bandiete loop kaalvoet, bruin bandiete het skoene en wit bandiete kry kouse, langbroeke en slaap ook op beddens.	Bl. 159: *Daar was drie spyskaarte: Coloured en wit. Indiërs en Chinese het onder die Coloureds geval. Die swart bandiet moes kaalvoet loop, Coloured het skoene gekry en die wit bandiet kouse en langbroek in die winter. Die witte het op 'n bed geslaap en hy is ook nie verplig om buite die tronkmure te werk nie.*
	Die LP van Die Pan sê dat planne in plek is om die armblanke se lot te verander en die Spoorweë en Openbare Werke is daarvoor geoormerk om die Boere se eer en trots teenoor die bruinmense en swartmense te herstel.	Bl. 186: *Die L.P. het gesê dis 'n seker manier om die Afrikaner bo die kaffir en hotnot te kry en hulle trots as Boere te herstel.*

Die ontstaan van Vatmaar		
Die naam Vatmaar kom eintlik van al die "vatmaar"-goed wat die inwoners tydens die Tweede Vryheidsoorlog gesteel het.	Alles wat van die afgebrande huise nog bruikbaar was, het die inwoners geneem om vir hulle huise te bou./om hulle lewensomstandighede te verbeter.	Bl. 9: *Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne bymekaar te maak. Chai het gesê dis vatmaar-goed.*
	Vatmaar is ook opgebou uit al die goed wat die blankes gesê het die bruinmense maar kan neem.	Bl. 10: *Alles is versigtig afgelaai en met sinkplate toegemaak. Ons het klippe bo-op gepak sodat die wind dit nie kon wegwaai nie.*
	So is die kerk in Vatmaar gebou met materiaal van die afgebreekte wit kerk se saal.	Bl. 27: *Ek het dit gisteraand op die agenda van die kerkraad gehad en almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry. Ons gebruik hom nie meer nie, want die vlermuise dink dis hulle s'n.*
Armoede		
Die Vatmaar-inwoners ervaar armoede oor die breë spektrum van hul bestaan sedert die nedersetting ontstaan het.	In dié nedersetting moet die arm inwoners vir elektrisiteit, water, verblyfregte en weiregte betaal.	Bl. 1: *Onse blyplek was 'n nedersettinkie met die naam Vatmaar, so vier myl van Du Toitspan af, …*
	Die inwoners was arm en moet van Boererate (soos naeltjies in hul tande druk om hul tandpyn te behandel) gebruik maak.	Bl. 4: *Vir nog 'n ding was ons bang - … Ek moes liewer naeltjies en snuif gebruik het.*
	Die inwoners van Vatmaar maak huisraad bymekaar wat hulle letterlik as "vatmaar"-goed beskou om hulle huise op te kikker.	Bl. 9: *Chai het gesê dit is vatmaar-goed.*
	Die inwoners van Vatmaar is arm, want die vee wat hulle besit het, is deur die Boere en Britte gevat.	Bl. 15: *Die mense was arm want hulle het baie in die oorlog verloor. Brit en Boer het hulle vee gevat.*
	Toe George Lewis met Ruth wil trou, is haar ouers so arm dat Oom Chai haar trourok betaal.	Bl. 18: *Ruth se ouers was baie arm. Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop.*

	Tant Wonnie en haar twee dogters word as die armstes van armstes in Vatmaar beskou.	Bl. 110: *Tant Wonnie en haar dogter het niks, of laat ons sê min besit. Hulle het op ander se genade in 'n buitekamer gebly … Die drie vroumense het op diervelle op die grond geslaap.*
	Die inwoners van Vatmaar is arm en kon nie medisyne bekostig nie; daarom kon hulle kruie by Tant Wonnie kry teen verkoue en borskwale.	Bl. 111: *Net buite die deur was 'n kol groen plante – die wilde knoffel wat Tant Wonnie se man geplant het die dag voor hy weg is oorlog toe en wat die beste treksel vir winterverkoues en vir borskwale maak. Sy het altyd die wilde knoffel in kasterolie uit die blou bottel laat trek en dit so neergesit …*
	Tant Wonnie en haar twee dogters word beskou as armblankes, maar dit doen geen afbreuk aan hul menswees en om aan ander in die gemeenskap 'n diens te lewer nie.	Bl. 186: *Toe dink sy weer: Miskien is hierdie ou vrou en haar twee dogters wat hulle nou sê armblankes wat bly waar hulle tuis hoort: …*
	Arm mense word in Du Toitspan gestereotipeer dat net arm mense in die tronk oor verbreking van diensvoorwaardes beland.	Bl. 263: *Toe hy hoor hy moet 'n klag van diensverlaat teen 'n bediende met die naam Kaaitjie ondersoek, het hy by homself gedink: Dit is net arm mense wat in die tronk gesit word vir diensverlaat.*
	Armoede is nie negatief deur die inwoners beleef nie, daar het eerder 'n oplewing van trots posgevat.	Bl. 316: *Want onder die armes leef daar 'n eie waardigheid - die liefde vir hulle ewe arm naaste.*
Minderwaardigheid		
In Vatmaar word kwetsende name aan karakters toegedig en die ontvangers van die name voel hulle menswees word aangetas.	George Lewis haat dit as daar na hom as die "Dutchman" verwys word en gee duidelik sy misnoeë daaroor aan Oom Chai te kenne.	Bl. 39: *You know as well as I do that I cannot get on with a Dutchman. They have no flag, and now they rally behind their taal.*
	Flip is as jong seun deur Oom Neels-hulle as "kaffirtjie" aangespreek en is deur baie ontberinge in die koue nag, voordat hulle hom 'n mudsak teen die koue gegee het.	Bl. 43: *Ek het my stertriem aangehad. Hulle het geskree: Bly stil, Kaffirtjie. Bly stil Kaffirtjie! Ek het nie geweet wat beteken kaffirtjie nie.*

	Janman sê dat die wit mense bruinmense neerhalend as Kaffir aanspreek omdat dit die siening is van wat hulle dink bruinmense is. Mineer de Bruin verkleineer Tommy deur hom as halfnaatjie te verklaar omdat hy nie gelyk met 'n wit mens beskou kan word nie.	Bl. 56: *En hulle sorg dat hy nie agterkom dat 'n kaffir vir hulle wittes 'n kaffir bly nie, het Janman vir haar gesê.* Bl. 102: *En dit terwyl hy op pad na sy oom se plaas toe die hele tyd by my sit en spog het oor hoe trots hy is om 'n wit pa te hê, a real Englishman, who fought for the Queen. Vebeel jou, dié halfnaatjie vertel my dit.*
	Teacher Elsa snou Nellie Ndolo toe as 'n kaffir bitch wat Nellie tot die slotsom bring dat wit mense nie die gevoelens van ander in ag neem nie. Lucas sê dat wit mense se kinders ook al vir anderkleuriges kaffirs noem wat 'n aanduiding is dat hulle glad nie anderkleuriges as mens ag nie.	Bl. 115: *She is becoming too friendly with you, the black kaffir bitch!* Bl. 122: *Hulle maak ons seer en ons moet maar net ja sê: Ja, Baas. Tot hulle se kinders sê al: Kaffirs is nie mense nie.*
	Bonnie Pienaar praat neerhalend van Tant Wonnie as "amper-baas hotnots" wat op hulle plek gehou word, want sy hoort in Vatmaar.	Bl. 187: *Sy het weer na tant Wonnie gekyk en by haarself gedink: My man het vir my gesê ons moet ons bes doen om die amper-baas hotnots op hulle plek te hou. Toe glimlag sy en dink: jy is een van hulle.*
	Oom Faan maak geen geheim daarvan as hy openlik bruinmense as hotnots aanspreek dat hy nie van hulle hou nie en dat hulle net goed is om slawewerk te doen.	Bl. 307: *die Here het die hotnot gemaak om soos die Engelsman sê, my boy te wees. Ek het nie eintlik tyd vir 'n hotnot nie.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	In elke sak meel is 'n gat met hul voorvinger gemaak en net 'n koppie vol meel is uit die sak gesteel. ✓ **EN** Oom Flip is baie onskuldig/onervare/goedgelowig op daardie stadium van sy lewe. ✓	1 1
11.2	Oom Flip is trots op sy nuwe naam. ✓	1
11.3	Derdepersoonsverteller ✓ **EN** Dié soort verteller gee 'n objektiewe beskrywing van Oom Flip se uiterlike./ emosies./ervarings. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Dié voorkoms karakteriseer Oom Flip./Die verteller wil die fokus só op Oom Flip plaas om te toon dat hy 'n belangrike karakter in Vatmaar was. ✓	1 1 1
11.4	Die feit dat Oom Flip destyds die transportwa as middel tot opwinding beskou het,/geleer het hoe 'n transportbesigheid werk, maak sy besigheid in Vatmaar geloofwaardig. ✓ **EN** 'n Mens sou verwag dat Oom Flip, wat tydens sy eerste transportwa-ervaring sleg behandel is,/mishandel/afgekraak is, 'n negatiewe assosiasie met die transportwa sou hê, MAAR hy gebruik juis hierdie ervarings tot sy voordeel deur 'n transportbesigheid te begin. ✓	1 1
11.5.1	Hy verwag dat sy passasiers hom moet betaal. ✓	1
11.5.2	Die mense van Vatmaar wil nie betaal nie. ✓ **EN** Ja Dan hoef Oom Flip nie herhaaldelik dieselfde te sê nie./Al die passasiers hoor dit gelyktydig. **OF** Nee As mense nie geld het nie, maar reeds op die trollie sit, is die kanse skraal dat Oom Flip gaan weier om hulle te laat saamry. ✓	1 1

11.6.1	Swaai het net een oog gehad./moes sy kop swaai om die anderkant van die pad ook te sien. ✓	1
11.6.2	Oom Flip het nooit hard met Swaai gepraat nie. ✓ Oom Flip het nie 'n sweep op Swaai gebruik nie. ✓	2
11.7	'n Diamant/Diamante ✓	1
11.8	Oom Flip, want hy moes die diamant steel./het die risiko geloop om, as hy gevang word, tronk toe te gaan. ✓	1
11.9	Janman en Siesie Lena moet Flippus goed bang praat dat hy instem die diamant sal by hulle veilig wees./Janman en Siesie Lena moet Flippus laat twyfel in Bet se liefde vir hom en dat hy haar nie met die diamant kan vertrou nie./Janman en Siesie Lena moet Flippus laat glo dat, as hy gevang word, hy tronk toe gaan, daarom moet hy die diamant vir hulle gee. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* **EN** Oom Flip het Sus Bet meer as die ander twee vertrou./Sus Bet het glad nie dié twee vertrou nie. ✓	2 1
11.10	Verwondering ✓ **EN** Flippus beskryf haar as sy suiker. Flippus beskryf haar as sy kondensmelk. Flippus beskryf haar as heilig. Flippus beskryf haar as alles wat mooi is. ✓✓✓ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 3
11.11	In beide tekste steel die karakters as gevolg van armoede. ✓ **EN** Dit is vir die mense van Vatmaar reg as hulle, omdat hulle nie die basiese lewensmiddele het nie, van enige iemand wat meer as hulle het, "MAAR" kan "vat". ✓	1 1
		[25]

VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

M – Ma
I – Iris
O – ontvlugting

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Ma Els		
Ma Els se verstrooide geaardheid bied aan haar verskeie geleenthede om te ontvlug. Sy leef in haar eie wêreld.	Iris moet haar ma herinner dat dit nie moontlik is om skaapvet uit te braai en weer te gebruik nie, want hulle pa is op 'n lae cholesteroldieet.	Bl. 12: *Ek het gesug. Ek en my susters moet versigtig grootmaak aan ons ma.*
	Ma Els konsentreer net wat op daardie oomblik vir haar belangrik is. In Iris se gesprek met haar oor haar naam, het sy nie geluister nie.	Bl. 13: *Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.*
	Iris beskryf haar ma as iemand wat nooit daarin geslaag het om die verskeie vlakke van die lewe te bemeester nie. Sy is soos iemand wat 'n bus van agteraf probeer inhardloop.	Bl. 13: *... het nooit daarin geslaag om die wêreld in haar hand vas te vat nie. Sy was soos iemand wat 'n bus verpas het en nie daarby kon berus nie.*
Ma Els leef haar lewe optimisties en is, soos Iris, 'n dromer wat ontvlugting in haar eie wêreld vind.	Ma Els bedryf haar huishouding met gemengde gevoelens van vrees en selfversekering. Sy glo dat haar kombuistoebehore leef.	Bl. 14: *My ma het die huishouding met 'n soortgelyke mengsel van vrees en selfversekering bedryf. Al die elektriese toebehore, was na haar mening lewend.*
	Ma Els het nie haar sinne en stories voltooi nie, haar gedagtes het ontvlugting na 'n ander wêreld gevind.	Bl. 13: *sy het my nie gehoor nie ...* Bl. 34: *Mense wat Ma nie geken het nie, het in afwagting gesit om die res van haar storie te hoor maar haar vertelling het weggewaai, verlore geraak in die volgende opmerking. Haar gedagtes, soos los drywende wolkies, was klaar weg, het van vorm verander of saamgekoek om 'n hele nuwe formasie te maak.*

	Ma Els ontvlug die feit dat haar geliefde hond, Polder, oorlede is deur die nuwe hond na hom te vernoem en dieselfde gewoontes met hom voort te sit.	Bl. 76: *Polder die Tweede. Hy praat ook net Nederlands."* *"Hoe weet Ma?"* *"Dit is al wat ek met hom praat van ek hom opgelaai het en hy verstaan elke woord wat ek sê."*
Ma Els weier aanvanklik om saam met Iris se pa op die plaas te gaan bly.	Sy gebruik Polder, die hond, as verskoning om uit die situasie te ontvlug.	Bl. 73 en 74: *"Die leeus sal Polder opeet," het sy aan nog iets gedink. "Die seekoeie sal hom vertrap*."
Later verras Ma Els almal deur van die plaas te hou en soontoe te trek. So ontvlug sy die eise van Elsa se drieling en gebroke huwelik.	Die woonhuis voldoen nou aan Ma Els se verwagtinge en sy sê dat sy en haar man mekaar kan geselskap hou terwyl sy tuinmaak.	Bl. 214: *Ma het aangekondig dat sy plaas toe gaan trek sodat sy en Pa mekaar geselskap kan hou. "Sy huis is tog nou leefbaar," het sy gesê. " 'n Badkamer en warm water ... Ek sal vir hom gaan tuinmaak."* Bl. 219: *Ma het vir haar 'n groentetuin aangelê, soos sy gesê het, en sy woeker haar dae om tussen haar plante*.
Getrou aan haar aard om te ontvlug, het Ma Els nie by 'n landbou-organisasie aangesluit nie, maar by 'n vereniging vir spiritualiste.	Ma Els ontdek haar spirituele sy en ontvlug deur by 'n groep, Die Spieël, aan te sluit. Hulle glo in reïnkarnasie en spiritualisme en gesels met die voorvadergeeste.	Bl. 219: *"Dit is ongelooflik interessant, darling," het sy my vertel. "Net verlede week nog het ons gepraat met 'n Chinees uit die Ching-dinastie."*
IRIS		
Van geboorte af het Iris ontvlugting van die wêreld waarin sy leef, gesoek.	Iris se ouers merk op dat sy sedert geboorte anders as haar susters is. Sy lyk anders.	Bl. 9: *"Die keer is dit 'n donker enetjie," het hy vir Ma gesê ...* *"Heeltemal anders," het Ma saamgestem.*
	Iris wou uit die wêreld ontvlug waar sy voel dat haar susters meer aandag kry./dat haar susters se opinies/behoeftes op die voorgrond is. Dit was vir haar 'n vreugdevolle oomblik toe sy nie hulle name in die woordeboek kry nie.	Bl. 25: *My dramas was onbenullig teen hulle s'n en selfs as daar ooreenkomste was, het almal teruggesit met 'n gevoel van dé-jàvu.* Bl. 11*: My oudste suster Elsa se naam was glad nie daarin nie en my tweede suster Kara (vernoem na ouma Katarine) s'n ook nie.*

Iris se eerste kennismaking met die betekenis van haar naam was 'n oomblik van ontvlugting uit die werklikheid.	Iris se naam is onkonvensioneel en pas by haar romantiese, onafhanklike geaardheid. Sy is na niemand vernoem nie en is 'n mens op haar eie. Die betekenis het haar in staat gestel om te ontvlug, want dit was ook die naam van 'n Griekse godin.	Bl. 10: *Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie.* Bl. 10: *"Hoëre gode" het die woordeboek gesê.*
	Iris is gevra om die betekenis van ipso facto in die woordeboek op te soek en daar het sy gesien dat 'n iris nie net 'n bolplant is nie, maar ook die naam van 'n Griekse mitologiese godin is.	Bl. 10: 'n Iris was nie slegs 'n bolplant nie, maar ook 'n Griekse mitologiese godin, in die diens van meer belangrike gode.
	Iris ervaar 'n oomblik van ontvlugting van die spot oor haar naam wat na 'n bolplant verwys.	Bl. 10: *Waarom het niemand verby die moeë ou grappe oor flappe en "iets knaag weer vandag aan Iris se bol", gekyk nie?*
	Die feit dat haar naam in 'n woordeboek te vinde is, het aan Iris 'n gevoel van meerderwaardigheid teenoor haar susters, teenoor wie sy minderwaardig gevoel het, gegee.	Bl. 11: *Tuis daardie middag het ek my studie van die woordeboek voorgesit.* Bl. 11: *Ek het meerderwaardig gevoel en na my ma in die kombuis gaan soek.*
Iris verander haar werklikheid in fiktiewe verhale sodat dit by haar romantiese geaardheid pas.	Wanneer Riekie nie haar verbeelding aangryp nie, verander sy sy naam en voorkoms sodat dit by die beeld, wat sy vir haar gedroom het, pas.	Bl. 17: *Ek moes hom oorskryf tot iets meer na my sin.*
Iris het deur 'n eksistensiële fase van haar lewe beweeg in 'n poging om nie net haarself te vind nie, maar dalk ook haar familie se aandag op haar te vestig.	Sy het in haar finale jaar haar voorkoms en selfs haar geaardheid probeer verander in 'n poging om haar ouers en susters se aandag te trek.	Bl. 25: *In my finale jaar het ek deur 'n eksistensiële periode gegaan.* Bl. 25: *Niemand het eers opgekyk nie, want Elsa was swanger.*
	In die gesprek tydens Elsa se ontsteltenis oor haar swangerskap, moes Iris hoor dat sy 'n onbeplande baba was. Iris beleef hierdie inligting dat sy 'n fout was en nie veronderstel is om te leef nie. Iris poog om meer uit te vind, maar Elsa eis egter al die aandag op.	Bl. 26: *"Wat het Ma gesê?" het ek uitgeroep.* *"Wag eers, Iris," het Elsa kortaf gemaan. "Ons praat nie nou oor jou nie."*

Die nuus van Elsa se swangerskap het daartoe gelei dat Iris uit haar wêreld verder in haar gedroomde verbeeldingsvlug ontsnap het.	In die storie van Greta, Peter en Eduard word Greta Iris se alter ego. Iris kon stories oor hulle droom en verbeel waarin Greta (Iris) die hoofrol vertolk het. Hierdie karakters kon gehoor word, anders as Iris in die werklike lewe na wie niemand luister nie. Iris word dr. Anders se assistent, want dit is 'n ongekompliseerde werk waarin sy fantasieë kan uitleef.	Bl. 28: *Dit het een van my meer uitgebreide verbeeldingsvlugte geword en het my maande lank besig gehou.* Bl. 52: *Maar terwyl die boor gesellig gedreun het en ek die slurppypie onder hulle tonge gehou het, kon ek voortgaan met my fantasieë.* Bl. 53: *Ek kon nie vir 'n meer ideale werk gewens het nie.*
Iris ontmoet Peter by 'n studentepartytjie en haar fantasieë kry gestalte in die regte wêreld.	Peter stap uit Iris se droom in die regte wêreld in. Sy het hom by die partytjie dopgehou en hom met haar prototipe vergelyk. Peter se teenwoordigheid/ belangrikheid het daartoe gelei dat Iris verveeld en uitgekuier geraak het met haar fantasieë. Peter het vir Iris genooi om in Amerika vir hom te kuier. Deur die uitnodiging aan te neem kon sy ontvlug van die warboel wat in haar lewe ontvou het.	Bl. 36: *Dieselfde ruwe, ongekamde soort aantreklikheid, dieselfde selfversekering, ...* Bl. 67: *Lank voor Eduard en Greta uitgevind het hulle is lief vir mekaar, was ek moeg vir hulle.* Bl. 79: *... omdat ek so gou as moontlik onder Frederik se verwytende oë wou uitkom.*
Iris gaan kuier by Kara en Claude in Frankryk, op pad Amerika toe.	Tydens haar kuier in Frankryk, ontmoet Iris haar ouma se engel en 'n nuwe fantasie word deel van Iris se werklikheid. Sy word deur een van die gaste stief behandel en die Engel verskyn vir die eerste keer in Iris se lewe toe hy daaroor 'n opmerking maak.	Bl. 92: *"Dit moet 'n las wees," het een man vir my gesê, "om te kom van jou land."* Bl. 92: *"Moenie jou aan hom steur nie," het iemand sag agter my gesê.*
Tydens haar besoek aan Amerika kom Iris verskeie kere voor geleenthede/keuses tot ontvlugting te staan.	Die Engel is ook in New York om haar teen gevare te waarsku wanneer sy weer aan Greta en Eduard dink. Sy besef dat haar verbeeldingsvlugte vol raak en laat Greta en Eduard gaan ten gunste van die werklikheid.	Bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor 'n jong seun op 'n skaatsbord my middeldeur kloof.* *Ek het gesug. Met die Engel ook by, is Greta en haar geliefde tersyde gestoot;*

	Joe, die fotograaf, se bewondering en oortuiging dat sy 'n gesogte model kan word, bied aan Iris 'n geleentheid om haar blomoomblik te beleef. Na die besoek aan die agentskap kom Iris voor die keuse te staan of sy saam met Peter Vermont toe wil gaan of die werklikheid wil ontvlug deur saam met Joe, die fotograaf, haar blomtyd na te jaag. Iris besluit om saam met Peter na Vermont te gaan. Hier is geen kans vir ontvlugting nie. Bettie en haar uitdagings is deel van die harde werklikheid; sy kon haar nie in haar fantasiewêreld in verbeel/droom nie. Iris breek haar voet en beland in Vermont in die hospitaal. Hier ontvlug sy van die werklikheid deur diepgaande gesprekke met die Engel te voer nadat sy hom beskuldig het dat hy nie 'n goeie engel is nie.	Bl. 118 en 119: *Ons gaan nou na die agentskap vir wie ek al vantevore werk gedoen het. Hulle gaan in die wolke wees. Ons gaan jou ontdek!* Bl. 131: *"Nou, soos ek dit sien ... wie sê dis nie nou my kans nie?"* Bl. 161: *Van Bettie kon ek nie 'n Greta maak nie. Sy het nie genoeg waardigheid gehad nie, ...* Bl. 177: *"As beskermengel het jy gefaal."*
Die werklikheid neem Iris se lewe oor. Sy verkies dit bo die ontvlugting na fiktiewe karakters.	Iris het besef dat haar fantasie futloos is en Greta en Eduard nie opgewasse teen Peter se fisieke werklikheid is nie.	Bl. 213: *Bowendien was geen denkbeeldige karakter opgewasse teen die harde, fisieke werklikheid van Peter nie. Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.*
Die Engel het egter altyd deel van Iris se lewe gebly en verskaf kort oomblikke van ontvlugting wanneer sy hom sien.	Iris se werklikheid het die nodigheid vir ontvlugting uitgeskuif. Na haar troue met Peter het sy die Engel soms in die tuin gesien sweef.	Bl. 220: *Dit is halfsewe, en ons hou die lelie dop. Toe ek nou-nou opkyk, het ek Die Engel deur die ondertuin sien sweef.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Amerika/New York ✓ **EN** Sy het vir Peter gaan kuier.✓ **EN** Hy het met Joe saamgestem dat Iris mooi is./dat dit 'n mooi prentjie (met Iris daarin) was. ✓	1 1 1
13.2	Joe se belofte van 'n suksesvolle modelloopbaan het die verwagting van 'n blomtyd by Iris geskep. ✓ **EN** Iris besef in die slot dat geluk/haar blomtyd by Peter lê./dat sy nie fiktiewe/'n een-keer-in-'n-leeftyd blomtyd hoef na te jaag nie. ✓	1 1
13.3.1	Iris het anders as haar sussies gelyk: Pa: "Dié keer is dit 'n donker enetjie."/Iris se pa het gesê dat sy anders lyk omdat sy donkerkleurig is./Iris se pa het gespot dat sy perserig van kleur was, vandaar haar naam. ✓ Ma: "Heeltemal anders," het haar Ma saamgestem./Haar ma het net gesê dat sy anders as haar sussies lyk. ✓	 1 1
13.3.2	Iris het gedink dat sy anders moes dink en optree om haar ouers se aandag te kry (bv. om haar tande met as te borsel)./ander keuses maak./aanvaar dat haar mening nie saak maak vir haar gesin nie. ✓ Iris moes vir haar 'n wêreld skep waarin sy gelukkig kan wees./haar eie storie kan skryf wat verloop soos wat sy dit self beplan. ✓	 1 1
13.4	Joe se opmerking is gepas, want dit het ten doel om haar te oortuig om hom as fotograaf aan te stel./deur hom gefotografeer te word./in te stem tot 'n modelkontrak met hom as haar fotograaf. ✓ **EN** Dromer/romanties/onseker/alleenloper/naïef/eiewys ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	 1 2
13.5	Haar ouma het haar van die Engel vertel. ✓ **EN** Tydens 'n partytjie toe sy by Kara en Claude in Frankryk gekuier het. ✓ **EN** Iris het verwag hy moet haar raadgewer/beskermengel wees. ✓	1 1 1

13.6	Jaloesie/irritasie/moedeloosheid ✓✓ **EN** Ja Peter was lank genoeg geduldig met Iris om te besluit of sy hom as deel van haar toekoms sien./Peter het vermoed dat Joe, die fotograaf, 'n verskuilde agenda ten opsigte van Iris het en hy wou vir Iris beskerm. As gevolg van die ultimatum besef Iris uiteindelik dat Peter die liefde van haar lewe is./haar blomtyd ekwivalent aan haar liefde vir Peter is./dat haar lewe saam met Peter bevredigender is as enige een van die ander tye wat sy veronderstel het, haar blomtyd sal wees. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2 2
13.7	Polder se voorganger kon, volgens Iris se ma, net Nederlands verstaan het (omdat hy eers aan Nederlanders behoort het) en daarom moet hierdie Polder ook Nederlands wees. ✓	1
13.8.1	Plaas toe ✓ **EN** Humoristies/lig/positief ✓	1 1
13.8.2	Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller ✓ **EN** Die leser kan Iris se emosie/gevoelens oor Polder eerstehands beleef./ Die leser ervaar Iris se veranderde verhouding met die Engel na haar huwelik met Peter./Dié verteller maak dit wat beskryf word geloofwaardig./Dit laat die leser ervaar dat die beskrywing die waarheid is. ✓	1 1
13.9	Nee, die Engel het hom nie laat manipuleer nie. As Iris die Engel verwyt omdat hy nie vir Bettie/Peter teen ongelukke beskerm het nie, sê hy vir haar dat hy nie 'n beskermengel is nie. ✓ **EN** Nee, Iris het haar nie deur die Engel laat manipuleer nie. As die Engel vir Iris berispe omdat sy vir Joe jok, laat sy haar nie manipuleer om dit aan Joe te erken nie./dat die Engel haar laat sleg voel nie. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	1 1
		[25]
	TOTAAL AFDELING B:	**25**

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

K – KARAKTER

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Map word deur sy eie woorde gekarakteriseer.		
Map se erkenning dat hy by bendes aangesluit het om êrens te behoort, is karakteriserend.	Map erken dat hy by drie verskillende bendes betrokke geraak het, aangesien hy elders nie 'n gevoel van behoort ervaar het nie. Dit beklemtoon sy soeke na identiteit en aanvaarding.	Bl. 24: ... *"Ek wil oek iets gewies het … jy't tog ge-verstaan …*
Map se tatoeëermerke is 'n simbool van identiteit.	Map verduidelik dat sy tatoeëermerke sy strewe na 'n eie identiteit weerspieël. Hierdie visuele uitdrukking van sy innerlike konflik beklemtoon sy poging om betekenis en erkenning in sy omgewing te vind.	Bl. 31: *"Kan jy sien die tattoos, al die merke? 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity, …"*
Map se eie vertelling beklemtoon sy verlede as 'n gevaarlike misdadiger.	Hy beskryf hoe hy opdrag gegee het vir rooftogte en verkragting en uiteindelik moord gepleeg het. Hierdie selferkende dade dui op sy bewuswording van die persoon wat hy eens was.	Bl. 33: *Toe gie ek die order, self! 'Cause hulle kan niks gedoen het sonner my orders nie. Ek is 'ie leader, verstaan!*
Map word deur sy eie woorde gekarakteriseer as iemand wat 'n behoefte aan erkenning gehad het.	Map beskryf hoe sy status as 'chief' hom laat ingee het om die verkragting van vrouens toe te laat. Dit beklemtoon sy soeke na mag en aanvaarding binne die bendehiërargie.	Bl. 33: *Toe sê hy vir my "Chief", en hy vra vir my mooi …*

Map se belydenis van sy geloof dui op ontwikkeling in sy karakter.	Map erken openlik dat hy die Here aanvaar het en dat sy geloof hom verander het. Hierdie belydenis dui op sy soeke na verlossing en 'n nuwe identiteit.	Bl. 10: *... Hy vat vir jou, vuil net soes wat jy is, en dan maak hy vir jou silwerskoon, Hy trek vir jou nuwe klere aan, wit klere, en jy kniel voor sy troon, en Hy gee vir jou sy genade!* Bl. 30: *So ek moet sê: Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes wat U wil!*
Map se berou oor sy dade is karakteriserend.	In sy belydenis aan sy ma toon hy opregte berou oor sy keuses en die pyn wat hy ander aangedoen het. Hy bely sy skuld en toon 'n opregte begeerte om in gehoorsaamheid aan God te lewe. Sy bekering is nie net 'n geestelike transformasie nie, maar 'n bewuste poging om sy verlede reg te stel.	Bl. 9: ... *Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles ... Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self*. Bl. 33: ... *O God, vergewe my! ...* Bl. 10: *Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry!*
Map se veranderde siening oor werk is 'n bewys dat hy in die tronk ontwikkel het.	Waar hy voorheen kieskeurig oor werk is, kom hy in die tronk tot die oortuiging dat hy voortaan enige werk sal doen.	Bl. 10 en 11: *... ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...*
Map word deur ander se woorde gekarakteriseer.		
Cyril karakteriseer Map as 'n gewelddadige man.	Hy waarsku dat Map onbeheerste woede gaan toon wanneer hy uitvind hoe Blanchie behandel is, wat sy impulsiewe en gewelddadige aard beklemtoon.	Bl. 19: *Map Jacobs gaat hulle opf*k as hy weer yt is, watch 'it net …*
Cyril se woorde karakteriseer Map as 'n leiersfiguur.	Cyril beskryf hoe die bendes niks sonder sy toestemming kon doen nie, wat sy mag en invloed onder sy mede-bendelede bevestig.	Bl. 16: *Ma' Map was die leader, man … Hy was mos altyd die leader …*
Mister Cavernelis karakteriseer Map as 'n moeilikheidmaker.	Mister Cavernelis spreek hom openlik teen Map uit en waarsku Blanchie om nie by Map betrokke te raak nie.	Bl. 23: Ek is ... jammer ... Blanchie ... Maar ... Dis hy ... ... Hy's 'n ... 'n misdadiger ...

Blanchie se woorde dui op Map se onskuldige verlede.	Blanchie verwys steeds na Map as "Johnnie", wat 'n herinnering is aan die seun wat hy eens was voor sy betrokkenheid by misdaad.	Bl. 23: *Maar ... Daddy ... (Dan huil sy.) ... 'Is nie soes Johnnie nie ... 'is nie ...*
Map word deur Apostel George gekarakteriseer as 'n veranderde man.	Apostel George sien Map as iemand wat sy lewe verander het en op 'n nuwe pad is, wat bevestig hoe geloof en introspeksie 'n rol in sy karakterontwikkeling speel.	Bl. 28: *Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom geverander!* Bl. 32: ... jy's nou gered, broer Jacobs ...
Antie Grootmeisie se woorde dui op Map se bevryding van sy verlede.	Haar finale woorde, "Johnnie …", bevestig dat sy hom as 'n geneesde en herstelde persoon aanvaar.	Bl. 60: *Antie Grootmeisie (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...*
Map word deur sy eie handeling gekarakteriseer.		
Map word gekarakteriseer as iemand wat verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar deur homself aan die polisie oor te gee.	Ná Ivan Philander se moord het Map nie gevlug nie, maar homself aan die polisie gaan oorgee wat dui op sy aanspreeklikheid.	Bl. 35: *Toe's ek polisiesstasie toe, na die sergeant op nightduty. ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ... Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...*
Map se goeie gedrag in die tronk wys sy respek vir reëls.	Hy word vroeër op parool vrygelaat weens goeie gedrag, wat sy positiewe karakter-ontwikkeling bevestig.	Bl. 45: ... *Ek het twaalf jaar gekry, ek het sewe jaar geserve, ek is hierso nou 'cause ek is yt op parole! Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles, ek …*
Map se besluit in die tronk om ander te vergewe, wys ook hoe hy as karakter ontwikkel het.	Ten spyte daarvan dat Mister Cavernelis niks van Map gedink het nie, vergewe Map hom in die wete dat Cavernelis eintlik reg was./dat hy gewéét het dat Map karaktergebreke het.	Bl. 11: *Ek het vir Uncle Cavernelis alles vergewe, sê vir hom ... Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
Map se volharding om werk te soek, wys sy vasberadenheid.	Ten spyte van talle afkeurings doen hy elf keer aansoek vir poste, wat sy deursettingsvermoë beklemtoon.	Bl. 45: *Ma! Ek was al by 'n hele élf employers.*
Map se versoening met Blanchie wys sy vergewensgesindheid.	Alhoewel Map teleurgesteld is in Blanchie se besluite, kies hy om haar nie te veroordeel vir haar besluite nie, wat 'n bewys van sy karakterontwikkeling is.	Bl. 46: *Apostel George, ja, jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niks ... soes niets ...*

Map word deur ander se handelinge gekarakteriseer.		
Blanchie se onttrekking uit hul verhouding dui aan dat sy geen hoop vir Map het nie.	Blanchie se besluit om nie meer vir Map in die tronk te besoek nie, beklemtoon Map se isolasie en hoe die samelewing hom afskryf.	Bl. 24: BLANCHIE (*bitter*): *Hoekom kom ek jou nog sien!? ... Hoekom ... kom ek jou nog sien!!* Bl.46*: Blanchie? … Hoekó avoid sy vir my …?*
Die gemeenskap vermy Map, wat sy status as buitestander bevestig.	Slegs Tommy gesels met Map ná sy vrylating, wat sy vervreemding en gebrek aan sosiale herintegrasie uitlig. Die orkes weier om vir Map lidmaatskap te gee, wat sy marginalisering beklemtoon.	Bl. 45: *'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even …* Bl. 46: *Even die verskoning: Ons het al klaar 'n sax, …*
Werkgewers se weiering om hom werk te gee karakteriseer hom steeds as 'n misdadiger.	Werkgewers bied verskeie verskonings, wat wys dat sy tronkverlede steeds soos 'n stigma aan hom kleef, ten spyte van sy veranderde karakter.	Bl. 44: *... Apostel George, ek wiet jy't my ge-warn lat dit so sal wees, maar ...*
Blanchie en Map se versoening lei tot wedersydse belydenis en vergifnis, wat dui op herstelde hoop/'n mooi toekoms vir Map.	Blanchie en Map raak versoen en Map kan Blanchie ná Cavernelis se dood ondersteun.	Bl. 60: *Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* Bl. 61: *Blanchie sak knielend neer op die grand, haar arms om Map.*
Map word deur sy name gekarakteriseer.		
Map se twee name, Johnnie en Map, verwys na die twee verskillende persona van die hoofkarakter.	Wanneer Blanchie en Antie Grootmeisie hom Johnnie noem, gee hulle erkenning aan die mens wat hy was toe hy op skool was: idealisties en goed. Die ander karakters verkies om na hom as Map Jacobs te verwys, want hulle assosieer hom met die bendeleier en misdadiger wat hy vóór sy bekering was.	Bl. 14: (*hou hom halfhartig weg): Johnnie ... Nee ...* Bl. 23: *Map Jacobs ...* *Hoe ... mien Daddy ... Johnnie ... Map!* *Nee! Nie Map nie! ... Johnnie ...* Bl. 62: *(praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...* Bl. 22 en 23: *En mister Cavernelis, mister Cavernelis wiet natuurlik lat Map Jacobs ytkom nou, die sewende vannie maand, op parole, ja ... Map Jacobs ...* Bl. 39: *... Hél, hierso stáán Map Jacobs ... ek mien Johnnie ...*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		**[25]**

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	"ou"/"Dad" ✓	1
15.2	Cavernelis se vrou (Maud) plaas druk op hom om daar weg te kom./ Hulle is gewoond aan beter omstandighede./kom van die Boland af./ Die sosiale omstandighede**:** misdaad/werkloosheid/armoede veroorsaak dat hulle daar wil wegkom./ Politieke omstandighede/swak infrastruktuur ✓✓✓ *Die kandidaat kan enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aanbied.*	3
15.3	Tommy probeer vrede bewerkstellig (tussen Cavernelis en Cyril)./Tommy stem nie saam met Cyril se nydigheid teenoor Cavernelis nie./Tommy word gekarakteriseer as iemand wat vrede probeer handhaaf./Tommy se woorde plaas die fokus/klem op die konflik/spanning tussen Cyril en Cavernelis. ✓ **EN** Tommy probeer onmin saai deur vir Blanchie te sê dat sy in haar pasoppens moet wees omdat Map binnekort uit die tronk vrygelaat word./Tommy is leedvermakerig as hy Map inlig oor Blanchie se doen en late terwyl Map in die tronk was./vir Map probeer ontstig omdat Map nie meer deel van die Krismisorkes is nie. ✓ ✓	1 2
15.4	Hulpeloos: Cavernelis voel hulpeloos wanneer Maud hom konfronteer oor hulle slegte lewensomstandighede./Maud sê dat die leeglêers vir Cavernelis moveer/uitlok terwyl hy hulpeloos daar staan./Cavernelis voel hulpeloos wanneer Cyril hom aanvat oor die feit dat hy dink hy is beter as hulle./sy hoë taal./Wanneer Blanchie die modelkontrak nie kry nie./Blanchie en Maud mekaar slegsê oor die modelkontrak./Blancie hom beskuldig dat alles sy skuld is. ✓ Dreigend: Cavernelis dreig vir Cyril en Richie wanneer hulle vir Blanchie verpes oor haar werk./hom verpes oor wat hy van Blanchie verwag. ✓ **EN** Cyril is uittartend./uitdagend./leedvermakerig./venynig./'n kwaadstoker. ✓ *Die kandidaat kan soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aanbied.*	1 1 1

15.5	Maud probeer ekstra geld verdien met naaldwerk./deur rokke te stik. ✓ **EN** Cavernelis werk bedags by die poloniefabriek en verkoop saans soft goods./het twee werke./werk Cavernelis oortyd./Cavernelis werk Sondae ook.✓ **EN** Map/Johnny Die tronk het hom tot besinning gebring./ander insigte gebring./laat besef dat enige werk goed is solank hy geld kan verdien./gelowig laat word. **OF** Blanchie ✓ Die feit dat sy nie die modelkontrak gekry het nie/skuldig voel oor Cavernelis se dood/met Map versoen raak ✓	1 1 1 1
15.6	Cyril impliseer dat Blanchie (en Cavernelis) tot die uiterste sal probeer om geld te verdien./selfs onaanvaarbaar optree (soos prostitusie) om geld te verdien. ✓ *Die kandidaat kan soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aanbied*	1
15.7	Geregverdig: Cavernelis laat vir Blanchie toe om by die agentskap te werk. ✓ Ongeregverdig: Blanchie maak self die keuse om naweke die ekstra werk te doen. ✓	1 1
15.8	Ja Die neweteks skep die idee/verwagting dat Cavernelis opstandig/dreigend raak./nou vir Cyril wil regsien./dat Cavernelis tot aksie sal oorgaan om Cyril op sy plek te sit./versterk Cavernelis se ironiese optrede/blufhouding (na die neweteks). ✓ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
15.9	Die leser kry vir Cavernelis jammer omdat Cyril hom so treiter./verstaan Cavernelis se frustrasie/magteloosheid met Cyril. ✓ *Die kandidaat kan NIE aandui dat dit nie simpatie wek nie.*	1
15.10	Blanchie het nie die modelkontrak (in Parys) gekry nie. ✓ **EN** Vasgevangendheid ✓	1 1

15.11	Die stemming verander van opstandigheid na aanvaarding/gelatenheid. ✓ *Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.* *Die kandidaat moet BEIDE kante van die veranderde stemming aandui.* **EN** Blanchie en Map raak versoen.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
15.12	magteloosheid/frustrasie ✓ **EN** Blanchie se verwyt, dat dit sy skuld is dat sy nie die modelkontrak gekry het nie, het veroorsaak dat Cavernelis selfdood gepleeg het. ✓	1 1
		[25]

K – KARAKTER

MIS – Reza de Wet

VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Meisie word deur haar eie woorde gekarakteriseer.		
Meisie word deur haar eie woorde as onderdanig gekarakteriseer.	Meisie antwoord instemmend op haar ma se opdragte, wat haar as onderdanig/gehoorsaam karakteriseer. Haar gebrek aan eie besluitneming dui op 'n ingeperkte lewensuitkyk.	Bl. 4: *Ja, Ma. (Gaan sit en begin weer werk)*
Meisie se woorde weerspieël haar soeke na eiewaarde as sy haar naam herhaal.	Meisie is gretig om haar volle doopname met Konstabel te deel, wat dui op haar behoefte om as 'n individu erken te word (nie net as "Meisie" nie).	Bl. 28: *Johanna. (Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat) Margareta, Johanna, Margareta, Johanna, Margareta, Johanna.*
Meisie se vertellings dui op 'n smagting na 'n normale jongmenslewe.	Meisie se vertelling oor haar kuiergas en die vlieë beklemtoon haar verlange na sosiale interaksie en 'n lewe buite die beperkings van haar huis.	Bl. 26: *Werklik, Juffrou? Kry u nie besoekers nie?* *Nie eintlik nie.* Bl. 26: *En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig.* *Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag.*
	Meisie erken aan Konstabel dat sy graag na die sirkustent en liggies kyk.	Bl. 28: *(besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!*
Meisie se woorde onthul dat sy nie gewoond daaraan is om haar eie besluite te neem nie.	Weens Miem se voorskriftelikheid is Meisie gekondisioneer om nie haar eie keuses te maak nie.	Bl. 26: *Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*
Meisie se woorde dui op haar innerlike konflik.	Selfs wanneer Meisie die bevrydingsritueel onder Konstabel se invloed uitvoer en hy die venster oopmaak, sodat die sirkusmusiek gehoor kan word, ervaar sy steeds innerlike konflik.	Bl. 51: *Maak toe, maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.*

Meisie word deur ander se woorde gekarakteriseer.		
Meisie se identiteitloosheid word deur Miem en Gertie se woorde versterk.	Miem en Gertie noem haar net "Meisie"/nie op haar doopname nie, wat haar van selfstandigheid/ eiewaarde ontneem./haar rol as blote versorger van haar ma versterk.	Bl. 24: *Meisie kook die heerlikste kos, weet u? … Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie?*
Miem se voorskriftelike woorde aan Meisie karakteriseer haar as onderdrukte.	Meisie word gereeld deur Miem gehiet en gebied. Dit veroorsaak dat Meisie toenemend vasgevang in haar onderdrukkende omstandighede voel.	Bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp.* Bl. 24: *Kom weg daar by die venster!*
Miem se woorde karakteriseer Meisie as hardwerkend.	Miem se afhanklikheid van Meisie vir huishoudelike take dui op Meisie se pligsgetrouheid.	Bl. 25: *Meisie doen alles in die huis.*
Meisie word deur Miem as skaam teruggetrokke/ gekarakteriseer.	Die feit dat Miem so dominerend is, veroorsaak dat Meisie skaam/teruggetrokke optree.	Bl. 25: *Meisie sal jou geselskap hou, Konstabel. Sy is 'n bietjie ingetoë, maar as jy haar aanmoedig, kruip sy uit haar dop.*
Miem beskryf Meisie as fisies aantreklik.	Miem erken dat Meisie 'n mooi jong vrou is, wat impliseer dat sy potensiaal het om haar huidige omstandighede te ontgroei.	Bl. 25: *En haar hare is so lank en sag. Ek wens u kon haar sien, Konstabel. 'n Fees vir die oog.*
Konstabel se aanspreekvorm gee Meisie 'n gevoel van waarde.	Meisie word deur haar ma en Gertie slegs as "Meisie" aangespreek, wat haar van identiteit en selfwaarde ontneem. Wanneer Konstabel haar as "Juffrou" aanspreek, laat hy haar goed/menswaardig voel.	Bl. 27: *(met innige meegevoel) Ek is jammer, Juffrou.* Bl. 27: *Niemand het my nog so genoem nie.*
Meisie word deur haar eie handelinge gekarakteriseer.		
Meisie se voortdurende kyk na die sirkusliggies dui haar verlange na vryheid aan.	Meisie se voortdurende fokus op die sirkusliggies dui op haar hunkering na 'n lewe buite haar huislike beperkinge.	Bl. 28: *MEISIE (besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!*
Meisie se weiering om 'n vingerhoed te dra, dui op opstandigheid.	Meisie weier om 'n vingerhoed te dra en prik liewer haar vinger aanhoudend – 'n subtiele daad van verset teen haar ma.	Bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.*

Meisie se besluit om die sirkus te besoek, dui op haar begeerte na ontsnapping.	Meisie het doelbewus teen haar ma se opdrag die sirkus besoek, wat haar begeerte om uit haar onderdrukkende omgewing te ontsnap, beklemtoon.	Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief.* *Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*
Meisie se handelinge toon aan dat sy innerlike konflik ervaar.	Wanneer sy Konstabel buite ontmoet, probeer Meisie om nie na die sirkusmusiek te luister nie. Dit simboliseer haar stryd tussen haar begeertes en haar lojaliteit aan haar ma.	Bl. 38: *MEISIE (bly) En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.*
Meisie neem self besluite wat haar karakteriseer as iemand wat tóg beheer oor haar omstandighede neem.	Meisie besluit self om kaalvoet, in haar aannemingsrok, om middernag vir Konstabel te ontmoet. Hierdie daad dui op haar groeiende selfstandigheid en haar gereedheid om uit haar beperkende bestaan te ontsnap. Met Konstabel se aanmoediging dans sy uiteindelik by die deur uit, wat simbolies is van haar bevryding van 'n identiteitlose, onderdrukkende bestaan.	Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* Bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom. Sy druk haar hande oor haar ore en fladder deur die kamer ... Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.*
Meisie word deur ander se handelinge gekarakteriseer.		
Miem se handeling karakteriseer Meisie as iemand wat oorbeskerm word.	Miem stuur Meisie weg wanneer sy met Konstabel oor die gevare van die aand praat, wat daarop dui dat Meisie oorbeskermd is.	Bl. 19: *(agter haar hand) Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie.*
Gabriël se afwesigheid veroorsaak 'n leemte by Meisie.	Die feit dat Gabriël 'n afwesige pa-figuur is, veroorsaak dat Meisie nie gewoond is om in 'n man se geselskap te verkeer nie.	Bl. 26: *Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*
Konstabel se handeling karakteriseer Meisie as iemand wat na 'n onafhanklike lewe smag.	Konstabel moedig Meisie aan om haar frustrasies met hom te deel en stel voor dat sy hom in die middel van die nag ontmoet – 'n bewys van sy invloed op haar en haar begeerte om bevry te word uit die greep/houvas van beide Miem en Gabriël.	Bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom. Sy druk haar hande oor haar ore en fladder deur die kamer ... Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		

[25]

VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

17.1	Sirkusliggies (waarna Meisie deur die venster staan en kyk) ✓ **EN** Dominerend/oorheersend/streng ✓ *Die kandidaat kan die karaktertrek ook omskryf.*	1 1
17.2	Miem gebruik die naald om sakke vir die dieremis te maak./Dit verwys daarna dat Miem nie meer goed kan sien nie./dat sy die ander feite figuurlik gaan miskyk./haar eie foute nie gaan raaksien nie. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
17.3	Onheilspellende/mistroostige/droefgeestige/hartseer stemming ✓	1
17.4	Beswering ✓ **EN** Nee **Gertie** voel aangetrokke tot die eksotiese sirkus./Sy besoek die sirkus./bied verskonings aan waarom sy dit besoek het. ✓ **Konstabel** gebruik die gedaante van 'n sirkusnar om Meisie uit die huis te lok./transformeer tot 'n hofnar sodat hy Meisie uit die huis kan lok./lok Meisie uit om oor haar ervaring by die sirkus (toe sy uit die huis geglip het) te vertel./noem aan Meisie dat hy ook van die sirkus hou. ✓ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan NIE 'n JA-antwoord aanbied NIE.*	1 1 1
17.5	Sy dink dit is veilig genoeg om die deure en vensters te grendel./ Sy vertrou dat Gabriël/Wagter hulle veilig sal hou. Sy laat Gertie toe om oor die fratse van die sirkus te vertel en so Meisie se nuuskierigheid/opgewondenheid aan te wakker./ Sy nooi 'n vreemde, blinde Konstabel in die huis in met die verwagting dat hy hulle sal beskerm./ Sy praat nie voor Meisie oor die omstandighede waaronder die vorige twee meisies verdwyn het nie (kaalvoet in hulle aanemingsrokke). Sy dwing Gertie om saam met haar die bed te gaan opmaak sodat Konstabel en Meisie alleen kan wees./ Sy smeer Meisie aan Konstabel af. Sy laat toe dat Konstabel vir Meisie help om die slopemmer te gaan uitgooi (en weer alleen te wees)./ Sy gaan slaap./ Sy laat Meisie in haar eie kamer slaap. ✓✓✓✓ *Die kandidaat noem enige VIER oordeelsfoute vir EEN punt elk.*	4

17.6	Meisie het een aand uitgeglip en sirkus toe gegaan. ✓ **EN** Sy weier om 'n vingerhoed te dra wanneer sy sakke vir die mis maak./ Sy plant rose onder haar kamervenster sodat sy die misreuk kan versag./ Sy loer deur die venster na die sirkusliggies./Sy vertel vir Konstabel van haar sirkusbesoek. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE feite vir EEN elk punt aan.*	1 2
17.7	Gabriël (se onttrekking na die solder) maak die lewensomstandighede vir die vroue uitdagend./veroorsaak hulle vasgevangendheid. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke evaluering vir EEN punt aan.* **EN** Motivering: Hulle moet hom die hele tyd versorg./Miem moet as matriarg optree./Meisie moet sonder 'n pa-figuur/man in die huis grootword./is nie gewoond aan manlike geselskap nie./is uitgelewer aan Konstabel se manipulasie. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke MOTIVERING vir EEN punt aan.*	1 1
17.8	Miem het dieselfde deernis teenoor Konstabel/Gertie getoon. ✓ **EN** Nee Dit was Gabriël se keuse om na die solder te onttrek en sy gesin aan hulle eie genade oor te laat./om sy vrou en dogter in die steek te laat./hulle nie te beskerm wanneer gevaar dreig nie./Die leser veroordeel eerder Gabriël se optrede as lafhartig. ✓ *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	1 1
17.9	Die aannemingsrok was te klein vir haar teenoor die ander rokke wat jaarliks by haar grootte aanpas./Die aannemingsrok is net een keer gedra teenoor die ander rokke wat al "uitgewas" is. ✓	1
17.10	"Meisie" as noemnaam werk negatief in op haar menswees, want dit ontneem Meisie van identiteit./haar noemnaam wys dat sy nie agting in haar huis geniet nie, sy is net nóg 'n meisie. ✓ *Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.*	1

17.11	Deur die vraag te vra, maak die konstabel seker dat daar by Meisie geen twyfel oor sy **blindheid** bestaan nie./dat hy hulpeloos voorkom./dat Meisie hom jammer kry.✓ Deur haar as **"Juffrou"** in die vraag aan te spreek, verhoog Konstabel Meisie se gevoel van eiewaarde. ✓ **EN** Die Konstabel bevoel haar gesig./help haar om die slopemmer leeg te maak/ Die konstabel dwing Meisie nie/hanteer Meisie saggies/vat Meisie om haar middel in die slot om haar aan te moedig om die musiek te hoor./saam met hom te gaan. ✓	1 1 1
17.12	In TEKS K word Miem se afkeur van die sirkus/haar woorde oor die sirkus versterk deur die handeling, TERWYL Meisie se nuuskierigheid/rebelsheid/ ongehoorsaamheid oor die sirkus/behoefte aan bevryding oorgedra word deur háár handeling in TEKS L./ In TEKS K word Miem se konserwatiewe/eng uitkyk/veroordelende houding/gesag oor Meisie met die handeling oorgedra, TERWYL Meisie se nuuskierigheid/rebelsheid/ongehoorsaamheid oor die sirkus/ behoefte aan bevryding oorgedra word deur háár handeling in TEKS L ✓ *Die kandidaat moet na BEIDE kante van die verskil vir EEN punt verwys.*	1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	5–6	4	3	2	0–1
	Diepgaande interpretasie van onderwerp	Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer	Redelike interpretasie van die onderwerp	Onbevredigende interpretasie van die onderwerp	Geen begrip van die onderwerp nie
	Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is	Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie	Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie	Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie	Geen verwysing na die gedig nie
	Uitstekende begrip van die genre en gedig	Begrip van genre en gedig duidelik	Basiese begrip van genre en gedig	Onvoldoende begrip van genre en gedig	Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	4	3	2	1	0–1
	Samehangende struktuur	Duidelike struktuur en logiese vloei van argument	Enkele bewyse van struktuur	Struktuur toon tekens van swak beplanning	Struktuur swak
	Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling	Vloei van argumente kan gevolg word	'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel	Argumente nie logies gerangskik nie	
	Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	Taalgebruik, grootliks korrek	Geringe taalfoute	Taalfoute beduidend	Ernstige taalfoute
	Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	Toon en styl is grootliks korrek	Toon en styl meestal gepas	Toon en styl nie geskik nie	Foutiewe styl

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	12–15	9–11	6–8	4–5	0–3
	Diepgaande interpretasie van onderwerp	Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer	Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie	Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie	Geen begrip van die onderwerp nie
	Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13	Respons redelik gedetailleerd	Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp	Min punte wat die onderwerp ondersteun	Swak poging om die vraag te beantwoord
	Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is	Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie	Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie	Baie min relevante argumente	Argumente oortuig nie
	Uitstekende begrip van die genre en teks	Begrip van genre en teks duidelik	Basiese begrip van genre en teks	Weinig begrip van genre en teks	Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
	Samehangende struktuur	Duidelike struktuur	Enkele bewyse van struktuur	Struktuur toon tekens van swak beplanning	Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente
	Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling	Logiese vloei van argument	Logika en samehang is duidelik, maar met foute	Argumente nie logies gerangskik nie	Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk
	Uitstekende inleiding en Slot	Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer	Paragrafering meestal korrek	Paragrafering foutief	Paragrafering foutief
	Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas	Taalfoute beduidend Toon en styl nie geskik nie	Styl en toon nie geskik nie
PUNTE VERSPREIDING	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4

Kopiereg voorbehou